## WINTERHOOP



Baie dankie aan al die sirkelvriende wat deelgeneem het aan hierdie MES-aksie. Evette, die dame wat die sakke by MES ontvang, sê NS is die enigste instansie wat hulle op hierdie wyse ondersteun het. NS het 48 sakke by MES Bell-ville besorg.

Ongelukkig is daar weer heelwat sakke wat uitgedeel is, maar nie terugbesorg is nie.

## MAANDELIKSE BOEKGROEP

By die Boekgroep kyk ons na boeke en onderwerpe wat lede kan help om spiritueel te groei



Op 5 Augustus praat Chrisna & Edward oor die doel van aanbiddingsplekke met ‘n fokus op kapelle & katedrale

Chrisna (082 940 4388)

## VROUEDAGETE

VIR HAWELOSE VROUE BY MES

VRYDAG 2 AUGUSTUS

TANS IS ONS ‘N SPANNETJIE VAN 3 SIRKELVRIENDE, MAAR AS JY VOEL JY KAN KOM HELP MET DIE DEK & VERSIERING VAN DIE TAFELS ASOOK DIE OPRUIMING DAARNA

SKAKEL EDWARD SMUTS

082 788 1824

ecs@telkomsa.net

**ONS VIER DIE WELSTAND VAN NEO-SPEKTRUM MET ‘N FEESMAAL BY KOLPING 11:30 15 SEPTEMBER 2019**

**KOM SLUIT AAN VIR ‘N DRIEGANGFEESMAAL, WYN & VRUGTESAP — R250pp**

**BESPREEK BY LOURITA 071 579 4539**

**SOMERFEES & WYNVEILING**

**9 NOVEMBER 2019**








## KONFERENSIE OOR SPIRITUALITEIT EN TIENERS: gesprekke oor konneksie - tegnologie, intimiteit en spiritualiteit

Dr Hugo Theron, een van die sprekers, is ’n kliniese sielkundige wat ’n spesifieke belangstelling in kinders en tieners het, en wat sy PhD-navorsing gedoen het oor die gebruik van sosiale media en die impak daarvan op tieners



**3 AUGUSTUS 2019 OM 09:00 BY SANLAM AUDITORIUM-HOOFKANTOOR BELLVILLE**

R200 per persoon
R350 per paar
R150 onder 25 jaar

**BESPREEK BY LOURITA 071 579 4539**

## Hallo Sirkelvriende



As mense in 'n sirkel is, kyk hulle na mekaar; dit is presies wat op Sondag 18 September 2011 gebeur het toe 'n kleinerige groepie mense in die kapel by Kolping gesit het, na mekaar gekyk en gevra het waarheen. Die vorige dag het Terblanche besluit om 'n nuwe en 'n ander pad te loop as wat Renaissance wou gehad het. Ons wóú 'n nuwe pad volg, het 'n kapel en 'n spirituele leier gehad, maar nie 'n naam nie. Hoe noem jy jouself as jy nie 'n naam het nie? Baie gou het ons na onsself begin verwys as ons 'Sirkel' en later 'Wysheidsirkel' en soms ook 'Spiritualiteitsirkel'.

Verskeie informele samekomste het gedurende September en Oktober 2011 gevolg; van hierdie byeenkomste was nader na die stad en ander in Durbanville. Daar is ook verskillende gedagtes per e-pos gedeel. Na 'n hewige dinkskrum, by Else-Helene en Eduard Loubser aan huis, met die hulp van 'n bietjie rooiwyn het die 'Wysheidsirkel' daardie aand 'n naam gekry – **Neo-Spektrum**. Die volgende dag formuleer Terblanche die gedagtes van die dinkskrum in 'n dokument met die titel – **27 Oktober 2011 - Donderdag**.

In hierdie skrywe word daar oor die **ESSENSIE van NEO-SPEKTRUM** besin en word dit gestel dat ons

- 'n **'breër' uitsig** wil aanbied wat mense helend tot **'nuwe' insig** bring om hulself as deel van die geheel te voel en te ervaar
- wil behoort, ervaar, leer, genees word van dit wat verwydering skep tussen ons en God, ons ewemens en onsself.



Uit sewe voorstelle vir name word daar uiteindelik op **Neo-Spektrum** besluit. Die gedagtegang daaragter was

- **NEW** – Nuwe Ekumeniese Wysheidsirkel Die begrip 'EKUMENIES' kom van Griekse οἰκουμένη (oikoumene), wat beteken 'die hele bevolkte wêreld' wat daarop ingestel is om eenheid tussen kerke of gelowe te bevorder.
- 'n Verbuiging van bostaande volg, naamlik:
- **NEO** – Nuwe Ekumeniese Sirkel (O); Neo is 'n samebindende vorm wat beteken: nuwe, onlangs, vernuwende, aangepaste Neolities of Neozoic: 'n nuwe, ander of vernuwende manier.

Op 18 September 2011 tel ek en Lorita Bester toe die eerste kollekte. NS se inkomste was ongeveer R11 500 pm waarvan R2000 vir onkoste was. Die res was Terblanche se salaris. Die eerste amptelike bestuursvergadering vind toe op 25 April 2012 by ons aan huis plaas. Daarna volg verskeie gebeurtenisse wat die vestiging van Neo-Spektrum verseker:

- Goedkeuring van Grondwet
- Registreer as 'n Nie-winsgewende Organisasie (NPO)
- Registreer by SAID vir vrystelling van belasting (PBO)
- Webblad; Facebook; Clickatell; ACIM; Boekgroep
- Werkswinkels: Verhoudings & Geskiedenis van die Bybel
- Konferensie: Spiritualiteit
- Deurlopende betrokkenheid in die Gemeenskap
- Besig om as 'n Artikel 18A-instansie te registreer.

Dit is die verloop van hiérdie gebeure wat ons op

**15 September 2019**

by Kolping Gastehuis met 'n feesmaal gaan vier.

**Kom sluit by ons Sirkelete aan!**

(SIEN ADVERTENSIE OP BLADSY 4)

**Edward Smuts**